**Die nuwe verbond: Nuwe harte (OP198)**

**Jer 31:31-34**

**17 November 2024**

Laasweek het ons ons studie oor die Dawidverbond afgehandel deurdat ons spesifiek gekyk het na wat die Here Jesus oor die koninkryk geleer het waarvan Hy die Koning is uit die nageslag van Dawid. Ons het gesien dat die bou van hierdie koninkryk deur die verkondiging van die evangelie die fokus is vir die res van die tyd tot met die einde. Dit is diegene wat verstaan hoe arm van gees hulle is, wat in die geloof aan die Here Jesus vasgryp, en wat gewillig is om diensbaar te wees in die koninkryk, wat burgers is van die koninkryk. Dit is onmoontlik vir mense om op hulle eie deel te word van hierdie koninkryk – nee, dit verg 'n werk van die Here self. Diegene wat wel deel is van die koninkryk verdiep hulle in die sake van die koninkryk. Hulle lê hulle daarop toe om te groei in hulle gehoorsaamheid aan die wil van die Here, asook om die evangelie wêreldwyd te verkondig. En hulle bid vir die uitbreiding van die koninkryk, sodat die Here se Naam geheilig sal word soos wat Hy waardig is.

Ons het tot dusver alreeds na 6 verbonde gekyk wat die Here gesluit het: die skeppingsverbond, die verbond met Adam en Eva na die sondeval, die verbond met Noag, die verbond met Abraham, die Sinaiverbond en die Dawidverbond. Ek wil vandag begin om te kyk na die sewende verbond – dit is ook die laaste verbond, en dit is natuurlik die nuwe verbond. Soos wat ons met die vorige verbonde gesien het, staan die verskillende verbonde nie los van mekaar nie, nee, hulle bou telkens voort op die vorige verbonde. Dit is ook waar van die nuwe verbond. Sommiges noem hierdie nuwe verbond met goeie rede die verbond van vervulling. Hierdie verbond is die verbond waarna die Here nog die heeltyd besig was om op te bou. Hierdie verbond is die hoogtepunt van die Here se verbondsluitings. Dit is in hierdie verbond wat alles bymekaar kom, wat alles realiseer. Al die vorige verbonde is in die Ou Testament beskryf, soos wat die Ou Testamentiese geskiedenis gelydelik ontvou het. Die nuwe verbond word ook in die Ou Testament aangekondig, maar dit is in die Nuwe Testament wat die nuwe verbond formeel in werking tree – dit is natuurlik hoekom die Nuwe Testament die Nuwe Testament (oftewel verbond) genoem word. Hiermee bereik die openbaring van die Here aan die mensdom 'n klimaks.

Ek voorsien dat ons vir verskeie weke aandag aan die nuwe verbond sal gee. Aanvanklik wil ek aandag gee aan wat ons leer aangaande die nuwe verbond, en wanneer ons dit deeglik oordink het, wil ek terugkeer na hoe al die ander verbonde konstruktief opgebou het na die nuwe verbond. Ek beplan om ruim gebruik te maak van die werk van Thomas Schreiner in sy boek "Covenant and God's purpose for the world". Vandag wil ek stilstaan by twee sake rakende die nuwe verbond: (1) Die belofte van nuwe harte, en (2) 'n Nuwe verbondsgemeenskap van wedergeborenes. Voordat ons daarna kyk, wil ek eers net 'n paar inleidende opmerkings oor die nuwe verbond maak.

<u>Inleidende opmerkings oor die nuwe verbond</u>

Die aankondiging dat daar 'n nuwe verbond gaan kom, word op verskeie plekke in die Ou Testament gegee. Die duidelikste aankondiging is in Jer 31, en ook Eseg 36, maar daar is ook ander profete wat hierna verwys. Ek wil vandag grootliks fokus op Jer 31. Jeremia was natuurlik 'n profeet wat in Juda en Jerusalem opgetree het kort voor die ballingskap, en selfs ook tydens die val van Jerusalem. Jeremia se boodskap is grotendeels 'n aankondiging aan die volk van die komende ballingskap as gevolg van die voortdurende sondige optredes van die volk. Maar tog is daar ook profesieë oor uitkoms wat die Here sal bring. Jer 31 is deel van so 'n profesie. Hierdie profesie is waarskynlik reeds voor die ballingskap begin het, gegee.

Die eerste opmerking is die volgende: Lees Jer 31:31. Ons lees hier van 'n komende verbond wat die Here gaan sluit. Alhoewel ons op meer plekke in die Ou Testament lees van so 'n komende verbond, is hierdie vers die enigste vers in die Ou Testament waar die komende verbond beskryf word as die nuwe verbond. Ja, die nuwe verbond is nog nie op hierdie stadium gesluit nie – maar ons het hier die aankondiging dat daar dae gaan kom dat die Here 'n nuwe verbond met Israel en Juda sal sluit. Hierdie verbond word op ander plekke in die Ou Testament ook beskryf met ander terme: So lees ons in Eseg 37:26 dat die Here sê: "Ek sal met hulle 'n vredesverbond sluit – dit sal 'n ewige verbond met hulle wees" – hierdie verbond is dus 'n vredesverbond, asook 'n ewige verbond. Jes 54:10 praat ook van 'n vredesverbond, terwyl Jes 55:3 en Jer 32:40 ook verwys na 'n ewige verbond wat die Here gaan sluit. Ons weet dus die nuwe verbond is ook 'n vredesverbond, en dit is ook 'n ewige verbond.

Dit is egter in die Nuwe Testament wat daar dikwels verwys word na die nuwe verbond. So lees ons byvoorbeeld in Luk 22:20 dat Jesus tydens die instelling van die nagmaal gesê het: "Hierdie beker wat ter wille van julle uitgegiet word, is die nuwe verbond deur My bloed". Hieruit verstaan ons dat die in werking treding van die nuwe verbond saamgeval het met die vergieting van Jesus se bloed tydens Sy kruisiging. In 2 Kor 3:6 beskryf Paulus hom en sy medewerkers as bedienaars van 'n nuwe verbond – die nuwe verbond was dus toe alreeds van krag. Dit is natuurlik die boek Hebreërs wat baie dikwels na die nuwe verbond verwys – in hoofstukke 7, 8, 9, 10, 12 en 13. So lees ons in Heb 8:6: "Maar nou het Jesus 'n meer verhewe bediening verkry, in dié sin dat Hy ook Middelaar is van 'n uitnemender verbond, wat op grond van uitnemender beloftes regsgeldigheid verkry het" en dan in vers 13: "Deur te praat van 'n nuwe verbond, het Hy die eerste een verouderd verklaar. En wat verouderd verklaar en afgeleef is, is naby aan verdwyning". Uit die verse is dit duidelik dat Jesus Middelaar is van hierdie nuwe verbond, maar dit blyk ook dat die nuwe verbond 'n ander verbond, wat die ou verbond genoem word, vervang het. Die rede vir die vervanging is dat die sogenaamde ou verbond afgeleef en verouderd was, en was op die punt om te verdwyn. Opsommend kan ons dus sê: Die nuwe verbond tree in werking met Jesus se kruisiging – Hy is dus die Middelaar van die nuwe verbond. Die nuwe verbond word 'n nuwe verbond genoem, want dit vervang 'n ou verbond wat met Jesus se koms afgeleef en verouderd geword het. Hierdie nuwe verbond is ook soos die ou verbond gebaseer op beloftes van die Here, maar dit is beter of uitnemender beloftes as die beloftes waarop die ou verbond gebaseer was. Soos wat ons vorder, hoop ek dit sal duidelik word watter verbond die ou verbond is, en hoekom die nuwe verbond beter is as daardie verbond.

Net nog een laaste inleidende opmerking: Die nuwe verbond is nie maar net 'n nuwe sluiting van een van die Ou Testamentiese verbonde nie. Nee, dit is 'n nuwe verbond. Daar is dus inhoud en beloftes in hierdie nuwe verbond, wat nie deel was van die inhoud en beloftes van die ou verbond wat dit vervang nie. Trouens, daar is inhoud en beloftes in die nuwe verbond wat nie deel was van enige van die Ou Testamentiese verbonde waarna ons tot dusver gekyk het nie. Dit is dus heeltemal tereg 'n nuwe verbond. Dit beteken egter nie dat die Here alles wat Hy tot dusver in die vorige verbonde onderneem het, ongedaan maak nie. Nee, ons sal sien dit bou voort op die vorige verbonde, terwyl daar spesifieke aspekte van die sogenaamde ou verbond is wat egter wel wegval. As jy oor die verbonde begin lees, sal jy sien daar is baie debat aan die gang oor die sogenaamde kontinuïteit en diskontinuïteit tussen die nuwe verbond en die ou verbond. Ek hoop dat dit ook duidelik sal word soos wat ons vorder.

Kom ons begin om nou in detail na die nuwe verbond te kyk.

<u>Die belofte van nuwe harte</u>

Lees Jer 31:32. Hierdie vers leer ons watter verbond die sogenaamde ou verbond is wat volgens Hebreërs afgeleef en verouderd was teen die tyd van Jesus se eerste koms – dit is die verbond wat

die Here met die voorouers van die volk gesluit het toe Hy hulle uit Egipte gelei het. Natuurlik verstaan ons dat dit verwys na die Sinaiverbond. Met Jesus se lyde en sterwe is dit dus die Sinaiverbond wat verouderd en afgeleef geword het, en wat dus destyds op die punt gestaan het om te verdwyn, en wat ons dus kan aflei nie vandag meer geldig is nie. Die implikasie hiervan is dat die ander verbonde waarvan ons gelees het, d.w.s. die verbond met Adam na die sondeval, die Noagverbond en die Abrahamverbond, onveranderd voortgaan. Dit is die Sinaiverbond wat vervang word met die nuwe verbond wat 'n uitnemender verbond is wat op uitnemender beloftes gegrond is.

Let op hoe vers 32 die Sinaiverbond beskryf: dit is die verbond wat die Here met die volk gesluit het toe Hy hulle uit Egipte gelei het. Maar ons weet dat die Here nie direk met die uittog uit Egipte die verbond met die volk gesluit het nie. Nee, die Here het hulle uitgelei, daarna was daar die deurtog deur die Rooi See, daarna het hulle 3 maande deur die woestyn getrek met allerlei ontberings voor hulle by Sinai verskyn het. By Sinai het die Here hulle eers laat voorberei voor Hy op die berg neergedaal het, daarna het Hy aan hulle Sy wet gegee, en dit was eers dáárna dat die Sinaiverbond formeel gesluit is. Maar in die oë van die Here sien Hy dit alles as deel van Sy verlossing van die volk – vanaf die uittog tot die sluit van die Sinaiverbond maande later was alles deel van die sluit van die Sinaiverbond. Ek hoop om volgende week uit te lig iets soortgelyks is waar in die nuwe verbond.

Vers 32 leer ons egter nog meer: dit leer ons ook wat die probleem was met die ou verbond, oftewel die Sinaiverbond: Die volk het die verbond verbreek. Kan ek jou herinner aan wat die Here destyds by Sinai vir die volk gesê het in Eks 19:5-6: "As julle dan nou getrou luister na My stem en My verbond nakom, dan sal julle onder al die volke My persoonlike eiendom wees, al behoort die hele aarde aan My. Vir My sal julle 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees". Die Here het van die volk gehoorsaamheid verwag – hulle moes na Sy stem luister en Sy verbond nakom. Net hierna het die Here aan hulle Sy wet gegee, en later ook die verbondsboek – 'n opsomming van die wet. Gehoorsaamheid aan die wet was wat die Here van die volk verwag het. Dan sou die beloftes van die Here vir hulle realiseer. Maar ons ken die geskiedenis – die volk was nie gehoorsaam nie. Dink maar net hoe dikwels hulle in opstand teen die Here was tydens hulle trek vanaf Sinai na die beloofde land – dit was so erg dat die Here die eerste geslag, uitgesonderd Josua en Kaleb, almal in die woestyn laat sterf het. En selfs na hulle in die beloofde land was, het dinge nie beter gegaan nie – ons het onlangs besin oor Eli en sy seuns se sondes, ons het besin oor Saul se sondes, selfs Dawid en Salomo het in sonde geval, en dan praat ons nie eers van al die sondes van die volk onder baie van die latere konings nie. Dit was so erg dat die Here na eeue van geduld, deur profete, soos onder andere Jeremia, aangekondig het Hy gaan die volk in ballingskap laat gaan. Dit is eenvoudig soos wat vers 32 sê: die volk het keer op keer maar weer die verbond van die Here verbreek.

Geliefdes, en dit was presies die probleem met die ou verbond, oftewel die Sinaiverbond: die volk kon eenvoudig nie die verbond nakom nie. Hulle kon eenvoudig nie aan die bepalings van die wet voldoen nie. Al waarsku die Here hulle, al straf Hy hulle, hulle kan eenvoudig nie. Dit is nie 'n nuwe probleem nie: dit was al die probleem destyds in die tuin van Eden – Adam en Eva kon eenvoudig nie die duiwel weerstaan nie. Dit was ook die probleem in die dae van Noag – die mense het altyd net bedink wat sleg was. Dit was die probleem in die rigterstyd. Dit was die probleem in die tyd van die konings. Laasweek het ons gesien dat selfs met die aanbreek van die Nuwe Testament was dit steeds die probleem – onthou daardie gelykenis waar die koning sy slaaf se groot skuld afgeskryf het, maar ten spyte daarvan dat sy skuld kwytgeskeld is, wou die slaaf nie sy skuldenaars ook kwytskeld nie (Mat 18:23 ev). Die probleem is die mensdom se geneigdheid tot sonde – dit is vraagstuk 2 wat sedert Gen 3 wag vir 'n antwoord. Ja, ons het al gesien dat vraagstuk 1 wat handel oor ons sondeskuld, aangespreek gaan word deur 'n Plaasvervangende offer, ons het al gesien dat vraagstuk

3 wat handel oor die vermorseling van die duiwel se kop, aangespreek gaan word deur 'n komende Koning. Maar wat van vraagstuk 2: Ons sondegeneigdheid? Dit was sondegeneigdheid wat Eli en sy seuns laat sondig het, wat Saul laat sondig het, wat Dawid en Salomo laat sondig het. En wat die Here in vers 32 sê dit is sondegeneigdheid wat veroorsaak dat die volk nie die bepalings van die Sinaiverbond kon nakom nie, en gevolglik kon die volk nie 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie word nie. Dit is ernstig. Die Here sal moet ingryp.

Lees Jer 31:33. Hier is die ingrype van die Here. Hier is die antwoord op hoe die Here vraagstuk 2, ons sondegeneigdheid, gaan aanspreek: Hy gaan 'n nuwe verbond oprig. En as deel van die nuwe verbond, gaan die Here Sy wet in hulle binneste gee, Hy gaan dit op hulle harte skryf. Let op: die Here gaan nie Sy wet verander of die standaarde verlaag sodat hulle daaraan kan voldoen nie. Die fout lê nie by die wet nie – onthou Rom 7:12 wat sê die wet is heilig, regverdig en goed. Nee, die Here gaan aan die harte van die volk werk – Hy gaan daardie selfde wet wat in die Sinaiverbond op kliptafels geskryf is, gaan Hy nou op hulle harte skryf. Wat beteken dit? Lees Jer 32:38-40. Die Here gaan hulle harte verander sodat hulle ontsag vir Hom sal hê. Hy sal die ontsag vir Hom in hulle harte gee, en dit sal die gevolg hê dat hulle nie van Hom sal wegdraai nie. Lees Eseg 36:26-27. Hier verduidelik die Here hoe Hy dit gaan doen: Hy gaan vir hulle nuwe harte gee, Hy hulle harte van klip verander, Hy gaan vir hulle harte van vlees gee, en dan gaan Hy Sy Gees in hulle nuwe harte gee, en deur Sy Gees sal Hy sorg dat hulle Sy voorskrifte en bepalings sal nakom.

Die probleem is nie die wet nie, die probleem is die volk se harte. So, die Here beloof in die nuwe verbond gaan Hy vir hulle nuwe harte gee, harte van vlees, en Hy gaan Sy Gees in hierdie nuwe harte laat woon – en die Heilige Gees sal dan toesien dat hulle wel die wet van die Here nakom.

In Joh 3 is Jesus in gesprek met Nikodemus. In vers 3 het Jesus aan Nikodemus verduidelik iemand kan net deel wees van die koninkryk van God as hy weergebore word. Lees Joh 3:5-8. Jesus het aan Nikodemus verduidelik dat dit slegs kan gebeur as die Heilige Gees dit in iemand werk. Wat die Here dus beloof in die nuwe verbond is om diegene wat deel is van die verbond te wederbaar. Wat dus nuut is in die nuwe verbond, is dat die Here beloof om deur Sy Heilige Gees mense te wederbaar deur aan hulle nuwe harte te gee waarin die Heilige Gees woon, harte waarop die wet van die Here geskryf is – m.a.w. harte wat die wil van die Here wíl doen. En boonop sal die Here deur die Heilige Gees toesien dat die mense dan sál doen wat die wet van die Here vereis. Ek glo jy sal saamstem – hierdie belofte kan werklik vraagstuk 2 aanspreek. Hierdie belofte is die diskontinuïteit tussen die Sinaiverbond en die nuwe verbond.

Maar let ook op: daar is steeds ook kontinuïteit tussen die Sinaiverbond en die nuwe verbond: die doel is steeds dieselfde: Die Here sal hulle God wees, en hulle sal Sy volk wees. Die verwagting van die Here is steeds dieselfde – hulle moet gehoorsaam wees. Die wet is steeds dieselfde. Wat nuut is, is dat die Here die verantwoordelikheid neem om toe te sien dat hulle gehoorsaam sal wees – Hy gaan dit werk deur Sy Gees in wedergebore harte. Siende dat die Here nou die verantwoordelikheid neem, is sukses gewaarborg. Daarom kan Paulus in 2 Kor 3:3 skryf die gelowige Korintiërs is 'n brief van Christus wat geskryf is deur die Heilige Gees op hulle menseharte.

<u>'n Nuwe verbondsgemeenskap van wedergeborenes</u>

Lees Jer 31:34. Hierdie vers leer ons nog iets wat nuut is in die nuwe verbond: Die Here sê in die nuwe verbond sal almal wat deel is van die nuwe verbond, die Here ken. En let op: dit geld vir van die kleinste tot die grootste in die nuwe verbond – almal sal die Here ken. Die gevolg van die feit dat almal die Here ken, is dat dit nie meer nodig sal wees dat dit nie meer nodig sal wees dat hulle mekaar hoef te leer om die Here te ken nie – almal sal die Here ken. Ons kan selfs sover gaan om te

sê: dit is die toelatingsvereiste om deel te kan word van die nuwe verbond – jy móét die Here ken. Ons het sopas gesien dat die Here beloof het om aan almal wat deel is van die nuwe verbond nuwe harte te gee, harte wat 'n begeerte sal hê om te doen wat die Here wil hê. Hierdie nuwe harte word deur die Heilige Gees gewerk. Dit is ook deur hierdie werk van die Heilige Gees dat almal die Here sal ken. As die Heilige Gees nuwe harte gee wat gewillig is om die Here se wette te onderhou, dan is dit tog ook net logies dat die Heilige Gees ook in die proses hulle sal leer om die Here te ken.

Kom ons dink aan wat die situasie was met die ou verbond, oftewel die Sinaiverbond: Al die Israeliete is deur die Here verlos uit Egipte. Al die Israeliete het deur die Rooi See getrek. Al die Israeliete het aan die voet van Sinai gestaan toe die Here die wet aan hulle gegee het. Al die Israeliete was deel van die Sinaiverbondsluiting. En tog was die Here met die meeste van hulle nie tevrede nie – bykans almal het in die woestyn gesterf weens hulle ongehoorsaamheid, en bykans almal het nie die beloofde land gesien nie. Daar was 'n groot verantwoordelikheid op die priesters om die volk te leer en te onderrig in die voorskrifte van die Here. Maar steeds het die meeste in die woestyn gesterf. En soos ons vroeër gesien het, het dit in die beloofde land nie beter gegaan nie – Jeremia moes ook hulle waarsku oor die komende ballingskap. Ons moet die gevolgtrekking maak dat nie almal wat deel was van die Sinaiverbond, werklik die Here geken het nie. En dit is wat so verstommend is in die nuwe verbond: Die Here beloof in die nuwe verbond sal dit anders wees: Almal sal die Here ken, van die kleinste tot die grootste. En die manier waarop dit gaan realiseer is deurdat die Here deur die Heilige Gees nuwe harte gaan gee aan elkeen wat deel is van die nuwe verbond – en dit is deur die werk van die Heilige Gees in daardie nuwe harte dat elkeen wat deel is van die nuwe verbond die Here sal ken.

As ons hier lees dat die een nie meer die ander hoef te leer nie, moet ons nie daar onder verstaan dat almal in die nuwe verbond volleerd sal wees nie. Daar sal steeds lering wees – dink maar net byvoorbeeld aan Paulus se briewe waar hy sy lesers leer. Die punt wat die Here deur Jeremia egter maak, is dat dit nie meer nodig sal wees om enigiemand wat deel is van die nuwe verbond te leer om die Here te ken nie, om die Here te leer ken nie. Dit sal m.a.w. nie meer nodig wees om hulle op te roep om tot geloof te kom nie, om wortelbekering te ondergaan nie. Almal wat deel is van die nuwe verbond sal reeds bekeerd wees, sal reeds gelowig wees. Ja, hulle sal nog nie perfek gehoorsaam wees nie – om dit te bereik sal daar steeds lering nodig wees. Maar hulle hoef nie meer geleer te word om hulle tot die Here te bekeer nie. Ja, daar is nog baie wat buite die nuwe verbond is wat wel geleer moet word om hulle te bekeer. Maar die nuwe verbond is 'n gemeenskap wat bestaan uit mense wat van die Heilige Gees nuwe harte ontvang het, wat wedergebore is, wat gelowig is, wat die Here ken. Sommiges mag nog klein in die geloof wees, anders mag al groot in die geloof wees – maar almal sal geloof hê en die Here ken.

Kom ons gaan kyk na Johannes se eerste brief. In 1 Joh 2 skryf Johannes oor die feit dat daar baie antichriste in die laaste uur is, en dat hierdie antichriste selfs uit hulle eie geledere kom – m.a.w. die antichriste kom uit die geledere van mense wat ons sou wou dink gelowiges is. Lees 1 Joh 2:18-19. Johannes maak egter die punt dat hierdie antichriste nooit werklik deel was van "ons" nie – m.a.w. hulle was nooit werklik deel van die gelowiges nie. Dit skep natuurlik nou die vraag: Maar wie is werklik 'n gelowige en wie is 'n antichris? Lees 1 Joh 2:20. Johannes maak die punt: Die gelowiges is die wat deur die Heilige Gees gesalf is, en hulle weet dit! Sien jy: die ware gelowiges is die wat deel is van die nuwe verbond, en dit is hulle wat deur die Heilige Gees gesalf is, dit is hulle wat nuwe harte ontvang het, dit is hulle wat deur die werk van die Heilige Gees die Here leer ken het, dit is hulle wat die wil van die Here wil doen. En let op: Hulle weet dit. Ja, daardie wedergeboorte waartydens iemand 'n nuwe hart ontvang, gaan nie onbewustelik by daardie persoon verby nie – die gevolg dat hy die Here ken en dat hy die wil van die Here wil doen, oortuig hom van sy wedergeboorte – hy

wéét hy is deur die Heilige Gees gesalf. Lees 1 Joh 2:27. Die salwing van die Heilige Gees bly in die gelowiges – en daarom hoef niemand hulle te leer nie. Niemand hoef hulle te leer om deel van die nuwe verbond te word nie – hulle is reeds deel daarvan, hulle weet dit. Hulle het dit geleer toe hulle met die Heilige Gees gesalf is – hulle het dit klaar geleer. En tog leer Johannes hulle, maar hy leer hulle nie om weer die Here te leer ken nie, hy leer hulle om die Here en Sy werk beter te leer ken.

Sien jy die kontinuïteit tussen die ou verbond en die nuwe verbond raak? In beide verbonde is dit die Here wat handel deurdat Hy diegene wat deel is van die spesifieke verbond verlos – in die ou verbond verlos Hy die volk Israel uit Egipte, in die nuwe verbond verlos Hy die wedergeborenes uit die slawehuis van die sonde. Netso, in beide verbonde wil die Here hê dat Hy gehoorsaam word. Maar sien jy ook die diskontinuïteit tussen die ou verbond en die nuwe verbond raak? In die ou verbond was daar baie lede van die volk wat verlos is uit Egipte, maar wat nie werklik die Here geken het nie. Maar dit verander dramaties in die nuwe verbond: Almal wat deel is van die nuwe verbond sal die Here ken. En die Here kan dit beloof, want Hy onderneem om in elkeen wat deel is van die nuwe verbond deur die Heilige Gees 'n nuwe hart te plant, om elkeen te wederbaar, om elkeen tot geloof te bring.

Geliefdes, ek hoop dit is duidelik hoe 'n belangrike rol die Heilige Gees speel in die nuwe verbond. Ja, ons sal soos wat ons vorder in ons bestudering van die nuwe verbond ook sien dat die werk van die Here Jesus krities belangrik is, maar die Heilige Gees speel 'n ontsaglike groot en belangrike rol. Lees Ef 1:13-14. In Ef 1 roep Paulus sy lesers op tot lof aan die Here oor hulle verlossing. Hy herinner hulle aan hulle uitverkiesing, hy herinner hulle aan hulle bevryding deur die bloed van Jesus, hy herinner hulle dat hulle erfgename is, en hier in vers 13 herinner hy hulle dat toe hulle die verkondiging van die evangelie gehoor het en tot geloof gekom het – toe is hulle verseël met die Heilige Gees wat beloof is. Waar is die Heilige Gees beloof? Onder andere in Eseg 36:27 toe die Here beloof het Hy sal Sy Gees in hulle binneste gee – m.a.w. dit is deel van die beloftes wat die Here gemaak het tydens die nuwe verbond. Maar let nou op hoe kosbaar hierdie belofte van die Heilige Gees is: lees vers 14. Die Gees is die waarborg van ons erfenis! Nie net is die Heilige Gees sak en pak deel van die nuwe verbond nie – die Heilige Gees is ons waarborg van ons erfenis! Watter erfenis moet ons in gedagte hê? Ons sal later die moeite doen om opnuut te besin oor hoe al die verbonde in mekaar steek en op mekaar bou. Maar kan ek hier dit sê: Die erfenis waarvan die Heilige Gees ons waarborg is, is die vervulling van al die Here se verbondsbeloftes. Dink maar net aan die belofte van 'n groot nageslag en 'n beloofde land aan Abraham, die belofte van 'n Koning uit die nageslag van Dawid wat die slang se kop gaan vermorsel, die belofte van 'n koninkryk aan Dawid. En die werk van die Heilige Gees is nie net 'n waarborg dát al hierdie beloftes vervul sal word nie, maar ook dat élkeen wat van die Heilige Gees 'n nuwe hart ontvang het, élkeen wat weet dat hy die Here ken, sal deel wees van Abraham se nageslag, sal woon in die ware beloofde land, sal deel wees van Dawid se koninkryk, sal bewaar word in die komende oordeel, sal die ewige lewe ontvang. Die Heilige Gees waarborg dit! Onthou wat elke keer die probleem was in die Ou Testament – die mens se sondegeneigdheid. Maar dit is juis wat die Heilige Gees aanspreek met ons wedergeboorte – die Gees sal sorg dat ons die wil van die Here doen. Daardie probleem is nou effektief aangespreek. Daarom is die Heilige Gees ook die waarborg vir die vervulling van God se beloftes en daarmee saam ons erfenis.

Beteken dit dat alle wedergeborenes nou alreeds sondeloos is en perfek gehoorsaam is aan die wil van die Here? Natuurlik nie. Maar ons weet wel dat die Here alreeds die goeie werk in alle wedergeborenes begin het, en soos Fil 1:6 sê, ons weet ook dat die Here hierdie goeie werk sal voltooi. Die werk het dus al begin – gelowiges het al nuwe harte, maar dit is nog nie afgehandel nie. Maar onthou ons het die waarborg in ons sak – ons het die Heilige Gees in ons harte – daarom sal die werk ook voltooi word. Onthou wat Petrus skryf in 1 Pet 1:5: Gelowiges word deur die krag van

God bewaar vir die verlossing wat gereed is om in die eindtyd geopenbaar te word. Hoor jy dit: terwyl die werk in ons voortgesit word, word ons bewaar deur die krag van God. Onthou die Here Jesus het gesê aan Hom behoort al die krag. Onthou die Heilige Gees werk saam met Jesus en Hy lei ons in die volle waarheid in (Joh 16:13). Ons moet dit alles onthou terwyl die goeie besig is om in ons uitgewerk te word. En wat is daardie eindpunt waarna die Heilige Gees saam met Jesus besig is om ons voor te berei? 1 Tess 5:23b-24: "Mag julle volledig na gees, siel en liggaam, vlekkeloos bewaar word tot ons Here Jesus Christus kom. Hy wat julle roep, is getrou en sal dit doen." As die werk voltooi is, sal ons vlekkeloos wees, sal ons volledig vlekkeloos wees, sal ons na gees, siel en liggaam vlekkeloos wees. Ons sal selfs as vlekkeloos bewaar word – tot Jesus kom. Dit is 'n belofte. Dit is 'n belofte wat vas staan - want dit is 'n belofte van die Here. Genadiglik is dit ook 'n werk van die Here. En die Here is getrou. Hy sal dit doen! Dit is die wonderlike versekering van die Here aan elkeen wat Hy deel gemaak het van die nuwe verbond.